Korreksies - Tye van die werkwoord

Werkwoorde en hulle drie tye. Let op die plek van die werkwoord in die sin.

• Teenwoordige tyd (present tense) Dit gebeur NOU. Die leeutjie loop nou in die straat. Nou loop die leeutjie in die straat. Die leeutjie is vandag baie gelukkig. Vandag is die leeutjie baie gelukkig.

• Toekomende tyd (future tense) (SAL) Dit SAL NOG gebeur. Die joernalis sal die storie skryf. Môre sal die joernalis die storie skryf. Die leeutjie sal bly wees. Oormôre sal die leeutjie bly wees. Die woord SAL sê dat die sin in die toekomende tyd is.

• Verlede tyd (past tense) (HET + GE) Iets HET KLAAR gebeur. Die leeu het in 'n advertensie gespeel. Gister het die leeu in 'n advertensie gespeel. Die leeu was die held. Verlede jaar was die leeu die held. Die woord WAS vertel ook vir ons dat die sin in die verlede tyd is.

3. Skryf die sinne in die teenwoordige tyd:

a.) Hulle het 'n leeuwelpie in 'n winkel gekoop.

Hulle koop 'n leeuwelpie in 'n winkel.

b.) Hulle was baie lief vir die leeutjie.

Hulle is baie lief vir die leeutjie.

4. Skryf die sinne in die toekomende tyd:

a.) Miljoene mense praat oor die storie van die leeu.

Miljoene mense sal oor die storie van die leeu praat.

b.) Die leeutjie is gelukkig in die woonstel.

Die leeutjie sal gelukkig in die woonstel wees.

5. Skryf die sinne oor in die verlede tyd:

a.) In die boek vertel hulle van die leeu se lewe in Londen.

In die boek het hulle van die leeu se lewe in Londen vertel. (Werkwoorde wat met be- , ge-, her-, er-, ont-, ver- en mis- begin, kry nie 'n ge- in die verlede tyd nie.)

b.) Die leeutjie se naam is Christian.

Die leeutjie se naam was Christian. FORMELE